# Lesing 50 - 3 Mei - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 58 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 14/12/18 (vervolg)

MY Boere-Geloftevolk! Hoor die Stem van Vrolikheid! **HOOR die Ramshorings van MY Boodskappers**! Hoor die Skepping se gesang! Voel die nood van MY Aarde! Sien die tekens waarvan EK gespreek het! Kyk hoe MY Woorde en Vermanings waar geword het reg voor julle eie oë! Maar hulle wou MY nie glo nie en hulle het MY aangevat as 'n dienskneg van Beëlsebul! Maar kyk, die LIEFDE en WAARHEID word weinig gevind en aanvaar…

Het julle geweet dat EK ook pyn kan ervaar? Ja, EK het wel opgestaan en IS LEWEND as Volmaakte Almagtige, maar hoor nou wat EK vir julle wil sê: Elke keer as een van MY kinders die LIEFDE benadeel, dan PYN MY HART en SY, julle Moeder, traan vanuit Haar Glansende oë! MY kindertjies, het julle geweet dat julle 'n Mamma het? Onthou die Woorde: 'Net soos in die Hemele, net so ook op die Aarde!' en julle is geskape na ONS Beeld en Gelykenis! Elke keer wanneer julle **val, rebelleer, laster, vloek, ongehoorsaam is en liefdeloos in eieliefde** handel, dan pyn MY Vaderhart van hartseer omdat EK weet hoe MY Wette en Insettinge moet werk en omdat julle die geleenthede verloor deur om tyd te mors!

**ONS Dag is naby**, MY kinders en die stryd het aangebreek waarin julle MY Wapenrusting moet aantrek in Geloof en standvastigheid. Met die Swaard sal julle die oorlog voer, maar hierdie Swaard is tweesnydend Blou en die handvatsel is versier met Rooi. Beide kante van die handvatsel vind julle Groen en Wit edelgesteentes ingesmelt. EK bring vertroosting en verlossing, maar julle, julle bring vir MY julle harte in bewerige handjies en met trane in ogies kyk julle na MY, en julle sal sien hoe MY Oë trane bring vanuit MY Vaderhart. MY Trane heet: **BARMHARTIGHEID**! EK sal jou RED! **Wees net LIEFDE**. Vergeet die verskille tussen julle, MY kinders, al wat EK nou sê is: WORD LIEFDE, LEWENDE TEMPELS VAN LIEFDE!

**EENDRAG IN LIEFDE MAAK MAG!**

Volhard soos EK julle nou beveel het, want ONS Dag is naby en daar is nie meer tyd vir liefdeloosheid en haat nie. MY skone Bruid! EK sien Haar! **Sy dans huppelend op MY Wawiel en Sy sing net oor die LIEFDE**. Dit is so mooi vir MY Vaderoë!! Dit is so so MOOI! EK stuur **GabriEL, UriEL, RafaEL, MikaEL, SarakaEL, RaguEL en RemiEL** uit na julle om julle siele-strale in balans te bring. Deur balans, kom 'n stille liefdesgees en daaruit straal LIG, LEWE, LIEFDE! Julle moet MY ontvang en MY uitleef. Behandel mekaar soos julle MY sou behandel en soos EK julle behandel in LIEFDE.

Moenie MY teenpool toelaat nie, want HY probeer julle invaar deur julle swakhede. EK sal julle elkeen help en versterk, maar julle moet vir MY net oopmaak en toelaat. Met 'n Ernstige WIL van julle kant af, KAN julle OORWIN deur **LIEFDE BO ALLE LIEFDE**. Kom en verseël julle binne-in MY Laer en met die Geloof van die Ossewa trek **die Laer van Liefdeskring**.

Kyk nie na benede en kyk nie terug na die verlede,
Want MY NAAM is EK IS WAT EK IS, EK IS hier by jou in die hede!
Vorentoe moet jy in dappere voete stap
En in Geloof, Hoop, Liefde moet jy nie verslap.
**Onder Wawiel se gerol word die slang te kop vermorsel**,
Want hoe lank nog wil julle met die sonde worstel?
Boere MY Boere, julle is kosbaar,
Dit is Tyd om **in MY** te wederbaar!
Wysheid is julle sleutel tot genesing en groei;
In dwaasheid word julle in eie gevangenskap geboei.
Julle moet uit vrye wil kies die Seën of die vloek,
Maar EK wil julle almal hê, opgeskrywe in die LAM se Boek!
In een asemteug op Nuwe Oggend-Dou
Sal julle oë opslaan en sien WIE is Getrou.
**En daar sal EK wees saam MY Gilgaliete in Gelofteland**,
Want EK IS het met julle 'n onbreekbare Liefdesband."